**Donderdag 20 Augustus**

**Skrifgedeelte: Eksodus 4:1-17**
**Fokusgedeelte: Eksodus 4:11-12, 15**

## Moses – God maak bekwaam ... ons moet gehoorsaam wees!

Die roeping van Moses tot leier van Israel vind op ’n heel ironiese en besondere wyse plaas. Vanuit die brandende doringbos roep die Here na sy dienaar: ‘“Moses! Moses!” Hy antwoord: “Hier is ek”’ (Eks. 3:4).

In die openingsverse van Eksodus 3 sou mens dink dat Moses heel gretig was om diensbaar vir die Here te wees. Vanaf Eksodus 3:11 begin hy egter met ’n reeks besware waarom hy dink hy nie bevoeg is om Israel te lei nie. Inteendeel: ons hoor vyf maal (3:11, 13; 4:1, 10, 13) hoe hy by die Here kla oor die roeping wat hom opgelê is.

God betoon eindelose geduld met Moses. Hy verwerp hom nie, maar antwoord hom elke keer geduldig. In hoofstuk 4 gee Hy selfs aan hom drie wondertekens om te verrig. Hierdie wonders sou die volk daarvan oortuig dat die almagtige God aan Moses verskyn het en hom geroep het om die volk te lei.

Nog bly Moses hardkoppig. Hy wat so pas ’n klomp wonders aanskou het, twyfel nog steeds oor sy bevoegdheid. In vers 14 blyk dit of die Here se geduld nou opraak met Moses. Tog skenk Hy weer aan Moses raad en belowe hom hulp in die persoon van Aäron. In vers 12 belowe God selfs dat Hy Moses sal help om voor die volk te praat. Die Here maak hom bekwaam vir sy dienswerk – Moses moet net gehoorsaam wees.

Ons is ook maar baie maal soos Moses – vol verskonings en besware waarom ons nie diensbaar die roeping wat God ons gegee het, kan uitleef nie. Ons redeneer selfs: “Ek kan nie die evangelie uitdra nie, want ek is nie ’n predikant of sendeling nie.” Tog het die Here Jesus (Matt. 28:19) hierdie opdrag aan elke gelowige gegee. Ons elkeen met ons eie onderskeie gawes en talente, in watter beroep jy en ek ons ook al bevind, het die roeping ontvang om in God se koninkryk diensbaar te wees.

Dit is God wat bekwaam maak – ons moet gehoorsaam wees. Is jy ’n gehoorsame dienskneg van die Here?

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*
*Ds. W (Wilhan) Jobse (Jeffreysbaai)*